# VEEDIEFSTAL NUUSBRIEF

MRT 2026



## AgriSA Platform

Veediefstaleenhede

## Veediefstalvoorkoming handleiding

AIMS
WESTERN CAPE

# GOEIE DAG,

Die Veediefstalkomitee rapporteer kortliks na afloop van die jongste vergadering.

Die veediefstaleenhede spreek hulle dank uit vir die samewerking van produsente, byvoorbeeld ten opsigte van die oprig van sekuriteitskameras en die gebruik van die nagsigtoerusting wat deur RPO voorsien is.

Die veediefstaleenhede en SAPD provinsiaal het terugvoer rapporteer. Hulle versoek weer dat produsente diere moet brandmerk, gereeld tel en in 'n veeregister aan te teken en alle diefstalsake onverwyld aan te meld (al word uitdagings met hofsake wat sloer, ervaar). Dit bly belangrik dat die SAPD volledige statistiek per stasie moet hê wanneer daar vir hulpbronne soos voertuie, mannekrag, infrastruktuur beding word.

Die Agri SA-platform is 'n gebruikersvriendelike stelsel wat die EarthRanger-toep vervang. Die platform bied ook 'n funksie waar ons maandelikse statistieke kan deel.


Die platform is nog nie in sy finale vorm nie, aangesien daar steeds daaraan gewerk word. Dit bestaan tans uit vyf eenvoudige stappe wat voltooi moet word:

- **Stap 1:** Waar het dit gebeur (ligging);
- **Stap 2:** Wie – identifiseer jouself en verskaf kontakbesonderhede;
- **Stap 3:** Wanneer het dit gebeur (datum en tyd van die insident);
- **Stap 4:** Verskaf saakinligting, bv. saaknommer en die polisiestasie waar die saak aangemeld is; en
- **Stap 5:** Verskaf foto's/video's wat die insident(e) uitbeeld.

Sien ook aangeheg 'n *"one-pager"* wat verduidelik hoe om 'n insident te rapporteer.

Die SAPD versoek ook dat produsente of Polisie lede nie oortreders hardhandig moet hanteer of moontlik "aanrand" wanneer hulle in hegtenis geneem word nie. Dit kan weer die hantering van die saak nadeling beïnvloed.

Plaasbewoners word ook aangemoedig om te alle tye goeie sekuriteit by hulle wonings en ander geboue op die plaas toe te pas, ter voorkoming van misdaad.



Daar word aanbeveel dat daar goeie verhoudings met Departement Justisie en die staatsaanklaers gevestig word en dat aanklaers met die klaers moet reël vir 'n spesifiek tyd wanneer 'n saak sal dien, sodat daar nie onnodige tyd by die hof verwyl word nie.

- Beaufort-Wes 023 414 8568
- Kuilsrivier 021 843 1801
- Malmesbury 022 482 7021
- Oudtshoorn 044 203 9066
- Swellendam 028 514 8360
- Worcester 023 356 4030

Dit is ook weer aangemeld dat daar nog uitdagings ervaar word ten opsigte van klaers wat veediefstalsake hanteer wat nie altyd ten volle die omvang van die Veediefstalwet besef nie en die diefstal van vee dikwels met gesteelde goedere verwar. Dit sal weer met die owerhede opgevolg word. Die waarde van diere gesteel is soos volg:

- R4 000 per skaap;
- R5 000 per bok; en
- R18 000 per bees.

Daar word steeds uitdagings ondervind met rondloperdiere van informele vee boerderye, veral op munisipale meentgronde. Daar word weer pogings deur verskeie instansies aangewend om die produsente op te lei ten opsigte van die identifikasie van diere, siekte beheer en biosekuriteit, veral nou ten tyde van die Bek-en Klouseer uitbrake in die provinsie. Weens gebrek aan 'n nasionale Skutwet, word daar nou deur die veebedryf vir 'n provinsiale Skutwet aansoek gedoen. Terugvoer sal gerapporteer word soos die proses vorder.

Bek-en Klouseer is nou 'n uitdaging in die Wes-Kaap. Dit word ten beste bestuur. Daar is 'n Joint Operational Committee (JOC) in elk van die staatsveearts – distrikte gestig, waarop alle rolspelers dien. Daar is goeie samewerking tussen produsente, Departement Veeartsenydiens, SAPD, Provinsiale Verkeer, Munisipale Owerhede en hanteerders van vee.

Diere word ingeënt soos entstowwe beskikbaar raak. Entstowwe word nou van die buiteland ingevoer.

Dit word deurlopend benadruk dat biosekuriteit op plase en oral waar diere hanteer word, van die uiterste belang is, veral die vervoer van diere vereis noukeurige nakoming van vereistes. Daar is behalwe Artikel 6 en 8 sertifikate volgens die Veediefstalwet, ook ander dokumente wat die diere wat vervoer word, moet vergesel. Die SAPD en verkeersowerhede kontroleer die vervoer van alle diere by verskeie kontrole punte in die provinsie. Die vleisbedryf het ook aansoek gedoen vir 'n Artikel 9 vervoerpermit, wat die verskillende dokumente in een permit sal saamvat. Die regulasie is egter nog nie deur die Minister van Landbou onderteken nie. Agri Wes-Kaap sal die administrasie van die stelsel hanteer.

**helena@awk.co.za**

BEK-EN KLOUSEER


**KLIEK HIER VIR NOG INFO**

Intussen word daar sterk klem gelê op 'n naspeurbaarheidstelsel wat die dier se lewensiklus van "geboorte tot op die produsent se bord" kan nagaan. RPO Wes-Kaap en Agri Wes-Kaap het besluit om die AIMS (Animal Iedntification Movement System) te gebruik. Vee eienaars word aangemoedig om aan die stelsel deel te neem.

Ons wil weer die RPO lede aanmoedig om van die aanbod dat daar vir DNA toetse wat by Unistell, Stellenbosch gedoen word, betaal sal word, gebruik te maak. Wanneer 'n produsent deur die formele mark verkoop, word 'n persentasie vrywillige heffing aan die RPO oor betaal, wat die persoon dan as lid van RPO laat kwalifiseer.

AIMS
WESTERN CAPE

**KLIEK HIER VIR NOG INFO**



Veediefstalvoorkoming
**Handleiding**

**079 969 0045**

---

# VRIENDELIKE GROETE,

*Volgende vergadering:* ***25 Augustus 2026***

